Shell Hole Committee Members

Old Bill: Charles Bushby

Wee Bill: Andries Heyns

Adjudant: Paul v/d Merwe

Pay Bill: Corné Marais

Sammajoor: Swannie Swanepoel

Tapmeester: Hein de Lange

MEMBERS ON DISTRICT EXECUTIVE

Pay Bill: Barend Viljoen

Samajoor: Charles Bushby

Moth O said:

- Curiously enough, the word "Moth" is two thirds of the word "Mother" It is plain that we and our fairies are both in the Moth picture.
- The Moths expanded and we used no forceful tactics, no costly propaganda, no pamphlets and no organizers and no salary lists.
- If one's early life is full of hardship one will appreciate the smallest gift, and in the most practical manner.
- One of the most pitiful things is humanity's failure to become deeply interested in the details of a battle where the valiant efforts of the few can result in so wide a range of benefits for the many.
- Real Remembrance means a lasting companionship.

MOTH ANDRE JACKSON

In 2005 was ek deur MOTH Swannie genader en is ek gevra of ek sou belangstel om 'n lid van die MOTH orde te word. In daardie tyd het die Marathon Klub reeds hul klubhuis by die Shellhole gehad so ek het so idee gehad hoe dit binne lyk. Nadat ek die mense leer ken het is ek aanvaar en as rekruut ingelyf in die MOTH orde deur einste MOTH Swannie, wat toe Old Bill was. Dit was 'n baie trotse oomblik om lid van die Platberg Shelhole te word. In 2007 was ek gekies as Pay Bill, 'n pos wat ek vir twee jaar gevul het. Daai jare was daar min of geen boekhouding oor finansies en met my primitiewe boekhoudingstelsel waarmee Frank Moore my gehelp het, was daar 'n mate van beheer oor die Shellhole se finansies oorgeneem.

Die groot oomblik was in 2009 toe ek genader was om my beskikbaar te stel as Old Bill tydens die jaarlikse verkiesing. Daardie jaar het my "opleiding" as MOTH werklik in erns begin nadat ek verkies was tot die pos. Ek het in 'n baie kort tyd baie geleer. Daar het ook maar 'n klomp foute ingesluip tydens vergaderings asook parades, totdat Oom Ben my onder hande geneem het en my "gecoach" het. Daarna het dit sommer gou beter gegaan. Ek was ook gelukkig om gedurende my tyd as Old Bill 'n bekwame Sammajoor in MOTH Biebie de Vos aan my sy te hê, met Andries Heyns as my regterhand Wee Bill en later Paybill. My tyd as Old Bill was tot dusver die hoogtepunt van my MOTH "loopbaan".

Ek is bly dat tydens my tyd as Old Bill ek dit kon regkry om 'n mate van trots by die ander lede te kweek. Ons het verskeie werksdae gehad wat eintlik maar niks meer was as net skoonmaak dae nie. Daar was ongelooflike spul rommel en onbruikbare artikels ten goede van die Shellhole se oorvol perseel verwyder. Ek is ook redelik trots op die tuin wat steeds aan die gang gehou word na Dicks se afsterwe.

My militêre opleiding het in 1974 as diensplichtige plaasgevind by 1SAI in Bloemfontein.Wat baie min mense weet, was my begeerte om 'n beroepsoldaat te word soos my Oupagrootjie. Dit het egter verflou in 1973 as matriek leerling toe ek saam met 'n klomp manne vir die Suid Tranvaalse senior amateur boksspan gekies was, wat toe net uit die weermag uitgeklaar het en my oortuig het dat dit nie 'n gewenste loopbaan sou wees nie. As ek terugkyk deur my lewe het ek ook agtergekom en aanvaar dat dit my nie beskore moes wees nie. Die Here het vir my 'n heel ander pad uitgewerk waaroor ek baie dankbaar is.

Tydens grensdiens in 1974 op Rundu was ek deel van n groep "wit soldate" wat vir die eerste keer saam met "swart soldate", sogenaamde Fletchers, veld toe moes gaan. My peleton het vir 'n hele week lank, elke aand voordat ons veld toe was, tyd met 'n sielkundige deurgebring om ons vir hierdie "reuse stap" voor te berei om met 'n swarte saam te werk. Die persoon wat ons gekry het, kon Afrikaans praat. Dit vind ons na so dag of twee uit na ons in die veld was en met gebare taal oor die weg probeer kom. Hy het ons taal leer praat tydens sy swerfjare op Carltonville toe hy op die myne gewerk het. Nodeloos om te sê, ons het hom net daar aangeneem as "ons swart troep" en hy het ons lang stories vertel van sy dae saam met die Portugese soldate tydens sy swerwinge in Angola voordat hy by die SAW uitgekom het. Hy het nie baie goeie woorde vir die Portugese gehad nie maar was baie positief teenoor die SAW.

Na my diensplig was ek vir 'n tyd lank verbonde aan Roodepoort - asook Krugersdorp kommandos. Vanwee die aard van my werk het ek baie kampe waarvoor ek opgeroep was, misgeloop. Ek bevind my toe by SALNETS in Pretoria. Dit is die Suid Afrikaanse leereenheid vir nie effektiewe troepe en saam met die eenheid was ek op 'n drie maande kamp in die operasionele gebied in 1983. Daar het ek toe heelwat "snaakse troepe" teegekom, party kon slegs Portugees praat. Hoe het dinge verander sonder dat ons destyds daarvan bewus was. Na die tyd was ek oorgeplaas na Regiment Paul Kruger waar ek opleidingskampe gedoen het totdat ek op die reserwe lys geplaas was. Hierdie kampe was hoofsaaklik op die land se verre noord grens.

Op 1 Nov 1991 was ek vanaf die Wesrand na Harrismith oorgeplaas as operasionele bestuurder van die Harrismith omgewing. Dit het toe later uitgebrei tot die hele verre Oos Vrystaat. Net om in so mooi omgewing te kon werk en 'n verskil te kon maak was vir my 'n voorreg. Maar soos die lewe gaan is daardie sy van my lewe ook op end en nou is ek in die bevoorregte possisie om n Pensionaris genoem te word, 'n benaming wat ek baie waardeer. (en baie geniet!!! Red.)

Ek het op die volgende gedig afgekom uit Moth O se boek wat Andre mooi opsom.

"Who is the happy Warrior? Who is he that every man in arms should wish to be?

It is the generous spirit, whose high endeavours are an inward light that makes the path before him always bright"